# BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

J.P. BRITS: **"DOING HISTORY". A PRACTICAL GUIDE TO IMPROVING YOUR STUDY SKILLS** (MASKEW MILLER LONGMAN, KAAPSTAD, 1993). 127, p., R34.

Hierdie boek val binne die "skills" of vaardigheidsbenadering tot Geskiedenis soos in die voorwoord aangedui en soos ook blyk uit die geraadpleegde bronne in die bibliografie. Dis ook 'n werkboek met voorbeelde en oefeninge met antwoorde. Alhoewel die werk volgens die voorwoord op voorgraadse kollege- en universiteitstudente, senior hoërskoolleerlinge en selfs belangstellendes buite die onderwys gerig is, blyk dit tog duidelik uit die uiteensetting op pp. vii-viii dat die klem op eerstejaaruniversiteitstudente val. Die doel van die boek is ook om studente beter voor te berei om toetse en eksamens suksesvol te benader. Oorskouend beoordeel, is die boek klaarblyklik veral op swart studente gerig, aangesien die voorbeeldmateriaal

oorwegend uit die sg. "swart" historiese ervaring geneem is.

Die boek is in 5 dele verdeel wat die volgende aspekte behandel: **Deel I** handel veral oor verduidelikings en interpretasies van die terminologie en metodologie wat by wetenskaplike geskiedenisbeoefening van toepassing is, bv. wat is Geskiedenis, historiese bronne, bronnekritiek, kritiese benadering, wetenskaplike geskiedskrywing, objektiwiteit en subjektiwiteit, verskillende tipes Geskiedenis, historiografie, verskillende benaderingswyses tot geskiedskrywing, ens. In **Deel 2** word die kwessie van leesvaardighede benader, bv. begripslees, seleksie van inhoud, identifisering van onderwerpe, die interpretering van kaarte, tabelle, grafieke, ens. **Deel 3** handel oor denkvaardighede waar die verskille tussen feite en opinie, en feite en propaganda uitgewys word. Aspekte soos korrekte kronologie, oorsaak en gevolg en gevolgtrekkings word ook in hierdie afdeling behandel. In **Deel 4** word skryfvaardighede behandel, bv. korrekte aanwending van grammatika, sinskonstruksie, punktuasie, paragrafering, die skryf van Geskiedenistake, voetnote, bibliografie, ens. In **Deel 5** word verskillende studiemetodes geïllustreer. Onder andere word metodes om notas af te neem en om die handboek en notas te kombineer, verduidelik. Aspekte soos memorisering, die korrekte benadering en die beantwoording van toetse en eksamens word ook behandel.

Die voorbeeldmateriaal is tipografies baie netjies en maklik leesbaar uitgelê en die oefeninge, wat ook tipografies duidelik afgeblok is, is baie behendig in die tekste vervleg. Selfs die fyn skrif van koerantberigte wat as voorbeeldmateriaal afgedruk is, is leesbaar. Baie handig is die feit dat daar aan die einde van elke hoofstuk, nadat die antwoorde op die vrae van oefeninge in die teks verskaf is, ook 'n opsomming verskyn van wat in die spesifieke hoofstuk behandel is.

Die boek bevat ook nuttige en interessante voorbeeldmateriaal. In die afdeling oor objektiwiteit word bv. vier bekende historici se weergawes van die 1946 swart mynwerkerstaking (pp. 11-13) herdruk. Daarna (p. 14) word die mate van objektiwiteit of subjektiwiteit van die verskillende skrywers m.b.t. die feite van die staking uitgewys. In die oefeninge word bv. stellings gemaak of kort paragrawe weergegee waaruit die leser dan keuse-antwoorde moet gee na gelang van die spesifieke vaardigheidsbeginsel wat in die oefeninge getoets word. Ander interessante vaardigheidsoefeninge is bv. hoe om 'n boek of artikel vinnig deur te kyk (skim) (pp. 34-40), hoe om passasies te skandeer (scan) (pp. 40-45) en selfs hoe om 'n woordeboek te gebruik (p. 33). In die geval van skandering word 'n telefoongids onder andere as voorbeeldmateriaal gebruik. Daar word in sommige gevalle ook van kontemporêre voorbeeldmateriaal gebruik gemaak wat baie goed by die ervaringswêreld van die teikenlesers inpas, bv. stellings aangaande popgroepe (p. 27), dwelmmiddels (pp. 27, 28), advertensies (pp. 54, 65, 68), tegniese gegewens oor motorfietse (p. 63), ens. 'n Groot pluspunt van die boek is dat daar aan die belangrike aspek van die ontwikkeling van goeie skryfvaardighede breedvoerige aandag gegee word. (Deel 4, pp. 74-103). Ook die studiemetodes wat in Deel 5 voorgestel word (pp. 106-124), is ten sterkste aan te beveel.

In die geheel gesien, is "**Doing History**" 'n baie nuttige handleiding in die ontwikkeling van belangrike historiese vaardighede, wat met groot vrug deur Geskiedenisonderwysers en dosente aan kolleges en universiteite, veral in tutoriale klasse, aangewend kan word. Aangesien daar onder andere baie gewag gemaak word van begrips- en korrekte taalvaardighede, is dit tog jammer dat daar nie ook 'n Afrikaanse weergawe van die boek beskikbaar is nie. In laasgenoemde geval sou die werk dalk meer inslag onder die Afrikaanssprekende skolier en student kon vind.

**W.P. Visser**